higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 2

(2020012)

17 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 3 addenda.

478Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 ’n Span bestaande uit verskeie beroepslui word gehuur om aan verskillende take in die produksie van ’n rolprent te werk. Kies ’n taak in KOLOM B om by ’n titel in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Stelbestuurder	A	Verantwoordelik vir wat verskillende mense sal aantrek
1.1.2	Rolverdeling-direkteur	B	Vind die regte mense (akteurs of aanbieders) om in ’n produksie te gebruik
1.1.3	Klankontwerper		
1.1.4	Kostuumontwerper	C	Werk aan die musiek- en klankeffekte
1.1.5	Filmmaker	D	In beheer van die fotografie en om die rolprent te skiet
		E	Die persoon wat op die beste lokaliteit/plek besluit om die rolprent te skiet.

(5 × 1) (5)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 ’n ... is ’n elektroniese toestel wat inligting en data verwerk.

1.2.2 ... is inligting wat in ’n formaat voorkom wat deur die rekenaar verstaan en gemanipuleer kan word.

1.2.3 SVE: die belangrikste inligtings- ... eenheid in die rekenaar.

1.2.4 Rekenaargeheue is hoofsaaklik vir ..., nie vir berging nie.

1.2.5 Tekslêers kan in enige woordverwerkingsprogram- ... soos Microsoft Word oopgemaak, gemodifiseer of gestoor word.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Hoe meer LAG jou rekenaar het, hoe vinniger kan dit inligting verwerk.

1.3.2 'n DVD is 'n optiese stoortoestel.

1.3.3 Instruksie ('brief'): 'n beskrywing van die taak wat jy moet doen.

1.3.4 Klank verkry uit 'n analoogbron kan in 'n digitale formaat omgesit word.

1.3.5 WTG ('RAM')-geheue is permanent.

(5 × 1) (5)

1.4 Lessenaar ('desktop')-elemente is die generiese onderdele van 'n koppelvlak wat op die skerm (of monitor) van 'n tipiese sagtewareprogram verskyn. Hier onder is 'n voorbeeld van die Adobe InDesign 2021-koppelvlak:

Benoem die koppelvlakkomponente, (1–8) genommer, in die ANTWOORDBOEK.



Skermgreep van Adobe InDesign 2021-koppelvlak (8)

1.5 Beskryf die volgende woorde soos dit in die konteks van grafiese ontwerp gebruik word:

1.5.1 Gradasies

1.5.2 Evalueer

(2 × 1) (2)

[25]

VRAAG 2

2.1 Die hoofelemente van kuns en ontwerp is lyn, vorm, ruimte, opstelling (‘form’), kleur, waarde en tekstuur.

Bestudeer elk van die volgende kunswerke (in 2.1.1–2.1.8) deur bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars. Bespreek hoe enige TWEE elemente van kuns in elke kunswerk gebruik word.

2.1.1



Kunswerk deur George Pemba.

2.1.2



Kunswerk deur Kagiso Pat Mautloa

2.1.3



Kunswerk deur Lebogang Mogul Mabusela

2.1.4



Kunswerk deur Gerard Sekoto

2.1.5



Kunswerk deur Sydney Kumalo

2.1.6



Kunswerk deur Irma Stern.

2.1.7



Kunswerk deur Vladimir Tretchikoff

2.1.8



Kunswerk deur Walter Battiss

(8 × 2) (16)

2.2 *Canva.com* is ’n merkwaardige gratis hulpmiddel (met premie-opsies) vir mense wat iets moet ontwerp maar nie toegang het tot duur ontwerpsagteware of wat nie gevorderde tegniese ontwerpvaardighede het nie.

Bestudeer die volgende strooibiljettemplate (2.2.1–2.2.3) wat in Canva.com aangetref word, en identifiseer DRIE ONTWERPBEGINSELS* wat gebruik is om ’n samehangende voorkoms en gevoel vir die strooibiljet te skep.

**Dit is die basiese ontwerpbeginsels: Eenheid en verskeidenheid, balans, beklemtoning en onderskikking, gerigte kragte, kontras, herhaling en ritme, en skaal en proporsie.*

2.2.1



Templaat uit https://www.canva.com.

2.2.2



Templaat uit https://www.canva.com.

2.2.3



Templaat uit https://www.canva.com;.

(3 × 3) (9)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Die anatomie van (druk)letter tipe is 'n basiese begrip van die verskillende onderdele wat verskillende lettervorms uitmaak. Bestudeer die volgende teksvoorbeeld en identifiseer die gedeeltes wat (A–E) benoem is. Skryf die antwoorde in jou ANTWOORDBOEK neer.



Illustrasie: Anatomy of Type (5)

3.2 Noem VYF tipes kommersiële fotografie. (5)

3.3 Daar is baie maniere waaop lyne gebruik kan word om tekstuur en vorms in tekenwerk te skep. Bestudeer die onderstaande voorbeeld as inspirasie. Gebruik die vorms wat in ADDENDUM A uiteengesit is om driedimensionele arsering en skaduwees vir die verskillende vorms te skep.



Bron: Shutterstock.com - Item ID: 671806288 (15)

[25]

VRAAG 4

Handletterwerk is ’n tegniek wat dikwels deur grafiese ontwerpers gebruik word om interessante en opvallende ontwerpe te skep. Bestudeer die voorbeeld hier onder:



Bron: typographybyhand.tumblr.com/post/161866391886

Gebruik ADDENDUM B1 en B2 (aangeheg) om jou eie ontwerp vir ’n handletterwerkplakkaat te skep. Kies een van hierdie aanhalings om te gebruik:

Opsie 1: Kreatiwiteit is intelligensie wat pret ervaar.
Opsie 2: Die oë is nutteloos wanneer die verstand blind is.
Opsie 3: Ontwerp is denke wat visueel word.

4.1 Gebruik ADDENDUM B1 (aangeheg) om jou idee te deurdink en te beplan. Hoe sal die letterwerk lyk? Sal jy enige bykomende kunshulpmiddels (patrone/tekeninge, ens) gebruik om jou idee te illustreer? Sal die letterwerk gekleurd wees, skaduwees gooi of bloot swart wees? (5)

4.2 Gebruik ADDENDUM B2 (aangeheg) om jou finale idee so mooi moontlik oor te teken om jou vaardigheid as ’n ontwerper te demonstreer wat sowel uitleg as tipografie betref. Vul soveel moontlik van die ruimte (**moenie te klein teken nie**). (20)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

Voeg driedimensionele arsering en skaduwees by die buitelynvorms wat voorsien word:



(15)

ADDENDUM B1

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

Beplan/deurdink ’n aanhaling in handletterwerk:

(5)

ADDENDUM B2

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

Teken jou finale ontwerp oor vir ’n aanhaling in handletterwerk:

(20)

Kopiereg voorbehou